



FRANCOIS PIENAAR

14 Maart 1989 – 30 November 2008

deur Francois se ma, Lize Kruger, in Augustus 2011

Feitlik twee en dertig maande ná my enigste seun se dood, kyk ek terug op 'n pad van skok, ongeloof, verbystering en tog parallel daarmee, ook 'n pad van soeke, ontdekkings, openbarings en verwondering.

My aanvanklike, dwingende behoefte net ná Francois se afsterwe was om te weet WAAR my kind is! Ek het alle boeke oor NDE (Near Death Experience), lewe ná die Dood, mediums, ensovoorts, verslind. Ek kon onder geen omstandighede op daardie stadium enigiets lees oor Rou of die prosesse waardeur 'n mens gaan nie.

Ek het geglo, en glo nou nog, dat my kind in 'n ander dimensie voortleef en dat die “dood” nie 'n einde aan ons verhouding hoef te wees nie. Ek het op verskillende wyses bevestiging gekry van my kind se ewigheidslewe, dat hy in 'n ander vorm en in 'n ander dimensie voortbestaan. Die wete dat hy veilig en gelukkig is, is al wat ek as sy ma vir hom wil hê.

Die harde werklikheid bly ook egter dat die verlange na Francois se fisiese self onbeskryflik bly dwarsdeur hierdie ontdekkings. Om van dag tot dag myself uit die bed te sleep, het rituele 'n baie belangrike rol begin speel. Ons het byvoorbeeld 'n boompie geplant op die plek in die tuin waar Francois sy eie lewe geneem het.

Daar, en in die huis, brand daar nog steeds 24 uur van die dag kerse.

Ek dra van sy klere en gordels, en sy hare in 'n 'locket' om my nek.

Vier maande ná daardie verskrikking van 'n dag, het ek intens besef dat baie min mense met my in gesprek gaan tree oor my kind.

Ek het op die internet die besonderhede van die The Compassionate Friends-organisasie gekry. Met 'n kloppende hart het ek geskakel en myself voorgestel. Die persoon het geantwoord deur te vra of ek 'n kind “verloor” het. Die direktheid van die vraag het my net daar in trane laat uitbars – soveel so dat ek feitlik nie verder 'n gesprek kon voer nie.

Om die vergaderings by te woon, is soos manna uit die hemel. Dit het vir my gevoel asof ek tuisgekom het. Hier mag ek maar gekneus en verwilderd voel. Die groot “VERSTAAN” is absoluut kosbaar.

Ek het meditasie-kursusse bygewoon en my verhouding met God en die Universum het vir my nuwe betekenis gekry. Dit is nou ’n persoonlike verhouding vir my, en nie mensgemaakte strukture en instansies wat my dwing om daar te wees nie.

Met ander woorde, die grootste ondersteuning wat ek gevind het, is in Spiritualiteit. En binne hierdie raamwerk het my verhouding met my twee lieflike dogters ook net meer intens en hegter geword. Ons praat baie oor hoe elkeen die proses ervaar en mee omgaan. Hoe selfs ons drie, so verskillend rou.

Een ding wat ons egter in gemeen het, is die behoefte aan rituele. Dit is vir ons ’n daaglikse anker om aan vas te hou.

Vir my help dit om nie te ontken dat my kind gesterf het nie, maar om sy ewigheidsbestaan erkenning te gee – ook die permanensie in my en sy susters se harte.

Vir hulle is dit net so belangrik as vir my, dat dit sigbaar moet wees dat Francois in ons huis gebly het, deel van ons lewens was, en nog steeds is. Dat sy naam nie gefluister, of nog erger, glad nie eens genoem mag word nie.

Ons eer hom in sy ander dimensie, en put inspirasie daaruit wanneer ons opkom vir asemskep uit die vloedwaters van hartseer. Francois se huis is nog steeds ’n gunsteling-kuiersplek vir sy vriende, en volgens hulle is dit goed om sy teenwoordigheid daar te ervaar

My konstante soeke het ander wêrelde vir my oopgemaak, en ek dank en eer my kind daarvoor.

Dit is nou my verantwoordelikheid om betekenis vir my en my dogters te vind, midde-in hierdie enorme hartseer waarin ons gedompel is. Om dit wat Francois ons kom leer het, te volbring. Francois is nog ’n aktiewe deel van my lewe en nie net ’n statiese, eendimensionele, herinnering nie.